GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14

FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za



BLY STAAN

Neem vandag 'n kwaliteit besluit. KIES LEWE.
Kies om TE STAAN en te WEN.

Onthou altyd dat Jesus Christus alreeds die geveg vir jou gewen het op Golgota, jy is reeds oorwinnend want Christus is aan jou kant. As jy volgens God se beginsels veg SAL JY WEN in enige aanval op jou lewe.

Neem vandag 'n kwaliteit besluit. KIES LEWE. Kies om TE STAAN en te WEN. Maak nie saak wat die omstandighede is of hoe lank dit neem nie, dit kan 2 dae, 2 maande, 2 jaar ens. neem. Bereken die koste, en besef dat daar geen ander manier is nie. Dit sal die poging werd wees, omdat jy God se hand in jou omstandigheid sal sien; jou geliefdes sal gered word, en jy sal genees word, Hy sal die nodige finansies voorsien of vir wat ook al jy in geloof STAAN.

Moenie wankel of tou opgooi nie, maar weet dat as jy ferm staan met jou oë en hart op Jesus en Sy beloftes gerig – is oorwinning op pad.

Ef. 6:13: **Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, STAANDE kan bly.**

VOLHARDING is een van die belangrikste kwaliteite in 'n gelowige se hart, maak nie saak hoe sleg die toestand of probleem in jou lewe of die lewens van hulle vir wie jy bid lyk nie, onthou altyd: GEEN PROBLEEM is te groot vir Jesus nie. Hy sal jou deurdra en jy sal die wonderlike oorwinning ervaar as jy gewillig is om vas te staan en God se Woord te vertrou.

Daar is 'n gesegde: Waar daar lewe is, is daar hoop. Dit is van toepassing op ons geestelike stryd: dit maak nie saak hoe verlore of wederstrewig jou geliefde is nie, DAAR IS HOOP IN JESUS CHRISTUS! Dit maak nie saak hoe ernstig die siekte is nie, of wat dokters gesê het nie, DAAR IS HOOP IN JESUS CHRISTUS! Moenie opgee oor jou huwelik of geliefde nie! Moenie opgee nie, daar is nog lewe!

Dit is belangrik om ons lewens te ondersoek en seker te maak dat ons nie sonde of afgode koester nie, wat aan Satan 'n wettige reg gee om te steel, te slag en te vernietig. Is jou hart gevul met onvergifnis, self bejammering, rebellie, verwerping of bitterheid? Al hierdie dinge kan aan Satan 'n wettige vastrapplek gee om jou van God se seëninge te beroof. JY KAN NIE BEKOSTIG om so 'n sonde in jou lewe te koester nie. Het BEROU en beweeg aan met die Here!

Die Woord van God vertel ons dat: **As ons, ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig** (I Joh. 1:9). **Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol** (Jes. 1:18).

As Gelowiges, behoort ander die Vrug van die Heilige Gees in ons lewens gemanifesteer te sien. Die Vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

As 'n Christen vrou oorlogvoering vir haar ongeredde man doen en vir sy redding en verlossing bid, moet sy let op 1 Pet.3:1: **Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans ONDERDANIG WEES, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue SONDER WOORDE gewin kan word** (Lees tot vers 6).

Vroue moenie teenoor jou man kla en sanik en aanhoudend met hom argumenteer nie, want jy sal hom uiteindelik wegdryf. Bid eerder vir hom SONDER OM TE VEEL TE Sê, maar deur jou lewenswyse en voorbeeld wees die geur van Christus onder die wat gered word en

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Bly Staan)
onder die wat verlore gaan (2Kor.2:15). Een van die grootste wapens wat 'n Gelowige het, is die van LOFPRYSING EN AANBIDDING, wat nie net bose geeste sal bind en wegdryf nie volgens Psalm 149:6-9, maar lofprysing en aanbidding sal die Teenwoordigheid van die Here in die situasie bring. Die Woord sê dat die Here woon onder die lofsange van Sy kinders (Psalm 22:4).

As jy Jesus aanhoudend verhef deur Hom IN elke situasie (nie VIR elke situasie nie) te loof en aanbid sal Satan min kans hê om jou aan te val, want hy kan nie verdra dat ons die Ware God en Sy Seun Jesus aanbid nie en hy moet vlug. Onthou die storie van koning Josafat wat gaan veg het en seker gemaak het dat hy die sangers op die voorpunt geplaas het (2Kron. 20:21). In hierdie verslag van oorlogvoering in die Bybel het die kinders van Israel oor hul magtige God, Yahweh, GESING omdat Sy goedertierenheid tot in ewigheid is. Hulle het uit die diepte van hul siele GESING, vertrouend in die God van hul verlossing en dit het verwarring in die vyand se kamp veroorsaak. DIE ISRAELIETE HET GELOOF IN HUL GOD GEHAD EN HET HOM GELOOF, EN HY HET AAN HULLE DIE OORWINNING GEGEE, SONDER DAT HULLE 'n ENKELE FISIESE WAPEN GEBRUIK HET! Te alle tye en onder enige omstandigheid, wanneer jy God aanbid en loof, bind jy Satan en sy demone.

Laat ons na drie interessante situasies in die Bybel kyk wat bewys dat wanneer jy jou vertroue in die Here Jesus plaas, jy die ergste aanval wat Satan kan bring sal baasraak. Markus 5:1-6: **En hulle het aan die oorkant van die see gekom in die land van die Gadareners. En toe Hy uit die skuit gaan, kom daar dadelik uit die grafte Hom tegemoet 'n man met 'n onreine gees, wat sy verblyf in die grafte gehad het. En niemand kon selfs met kettings hom bind nie; want hy was dikwels met voetboeie en kettings gebind, en die kettings is deur hom uitmekaar geruk en die voetboeie stukkend gebreek; en niemand was in staat om hom te tem nie. En altyd, nag en dag, het hy aangehou om te skreeu op die berge en in die grafte en homself met klippe stukkend te slaan. En toe hy Jesus van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer**

5:21;En toe Jesus weer in die skuit oorgevaar het na die ander kant, het 'n groot menigte by Hom vergader. En Hy was by die see. 5:22 En daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jaïrus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer 5:23 en smeek Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe. 5:24 En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring. 5:35 Terwyl Hy nog spreek, kom daar mense van die owerste van die sinagoge se huis en sê: U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig? 5:25 En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het 5:26 en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het, 5:27 het van Jesus gehoor en onder die skare van agter gekom en sy kleed aangeraak; Hierdie was drie uiterste gevalle wat duiwelbesetenheid, kroniese siekte en dood ingesluit het. Ons sien dat in al drie gevalle iets WONDERLIKS gebeur het! Toe Jesus op die toneel verskyn het, het die omstandighede volkome verander.

Die besete man is verlos en bevry, die siek vrou is genees en die dogter wat dood was is opgewek!

Dit is wanneer ons van sulke gevalle lees dat ons GELOOF VERSTERK WORD! Geloof kom deur die gehoor en die gehoor kom deur die Woord van God (Rom.10:17).

Ek het baie keer mense in hospitale gesien wat aan ongeneeslike siektes gely het, maar wat televisie gekyk het en wêreldse tydskrifte gelees het – dit het my altyd verstom, omdat hulle geloof nodig gehad het sodat hulle genees kon word: GOD IS BY MAGTE EN BEGEER OM HULLE TE GENEES! Maar in plaas van tyd deur te bring deur die Bybel te lees, om hul geloof op te bou en geloof te verkry vir hul genesing, deur die bestudering van God se beloftes in Sy Woord, vul hulle hul gedagtes met wêreldse sienswyses, wat tot vernietiging lei.

Die Bybel sê vir ons in Spr.4:22 aangaande God se Woord.... **Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam.**

God se Woord genees nie net, maar voorkom en immuniseer die Gelowige teen siekte. Dit hang natuurlik af van die hoeveelheid Woord wat ons lees, glo en op reageer. Psalm 119:107: **Ek is baie diep neergedruk; Here, maak my LEWEND na u Woord!** Selfs as jy nie altyd voel om te lees nie, of voel dat dit jou nie help nie of miskien verstaan jy nie alles in God se Woord nie, nogtans – LEES.

> **"DIE ISRAELIETE HET GELOOF IN HUL GOD GEHAD EN HET HOM GELOOF, EN HY HET AAN HULLE DIE OORWINNING GEGEE, SONDER DAT HULLE 'n ENKELE FISIESE WAPEN GEBRUIK HET! Te alle tye en onder enige omstandigheid, wanneer jy God aanbid en loof, bind jy Satan en sy demone."**

God se Lewende Woord sal lewe vir jou liggaam, gees en siel wees. God sal met jou praat deur Sy Woord, Hy is getrou en jy sal bemoedig word en gevul word met Sy Lewe. Laat ons Markus 5 heroorweeg, Jesus Christus is die skepper van wonderwerke! Jesus is die Skepper en Voleinder van ons geloof, omdat Hy en Hy alleen LEWE is. Alle mag in die hemel en op aarde behoort aan Hom.

Beskou die besete man van wie ons vroeër gepraat het. Alhoewel hy deur 'n legioen demone beset was, moes hulle Jesus se bevel gehoorsaam en vlug. Elke knie moet in Jesus se teenwoordigheid buig.

Jesus Christus is vandag steeds dieselfde – HY VERANDER NOOIT! Wat Hy toe gedoen het, sal Hy vandag nog doen. Jesus Christus dieselfde, gister, vandag en tot in ewigheid (Heb.13:8).

Jesus het net die wonderlike wonderwerk gedoen om die demoon besete man van Gadara te bevry, toe nog 'n skare Hom omring het en 'n belangrike man in die sinagoge na Jesus gekom het en aan Sy voete neergeval het. Hierdie man het 'n wanhopige behoefte gehad en het na Hom in nederige onderdanigheid gekom. Ek het myself dikwels in die man se posisie geplaas en besef hoe kwesbaar hy moes gewees het. Die dokters kon niks vir sy kind doen nie, sy sou sterf! In sy desperate posisie, moes hy gehoor het dat die Groot Geneser – Jesus in die land was en hy moes aan sy familie gesê het: "Kyk

(Vervolg op Bl. 6)

Deut. 1:21: Look the Lord your God has set the land before you; go and possess it, as the Lord God of your fathers has spoken to you; do not fear or be discouraged.

A sound mind results when we have recognized our need to confess having opened ourselves to the attacks and temptations of our enemy, the devil, and repented of them, and renounced them as sin. Your area of attack may have been rejection, fear, occult involvement such as fortune telling etc. or hate and unforgiveness. Regardless of the sin involved, you need to recognize it for what it is and repent of it because this breaks Satan's grip and stronghold in your life. Then through prayer ask your Heavenly Father to touch you and heal and restore the area that has been affected through the sin involved. He willingly and lovingly does so in the Name of Jesus by the Power of His Holy Spirit.

It is important therefore to confess and ask forgiveness, repent, renounce, break the hold of Satan in Jesus Name and then receive the healing that comes from our Heavenly Father because of His grace, mercy and love. In Deut. 1:21 the Lord says: **Look the Lord your God has set the lad before you; go and possess it, as the Lord God of your fathers has spoken to you; do not fear or be discouraged.**

The command of the Lord is very clear, "possess it", and the "land" we need to possess is the land of our thoughts. Our thought pattern is a large battlefield and there can never be true peace in our hearts and lives until each thought comes into obedience to Jesus Christ.

Mark. 12:30: **And you shall love the Lord you God with all your heart, with all your soul, with all your mind, and with all your strength. This is the first commandment.**

YOUR MIND



Satan's battlefield

And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind….

Rom. 12:2

THE MIND – The battle area.

The following are ways in which we concede "land" or "area of our lives" to the enemy:

1. A mind that is veiled or blinded (2 Cor. 4:4, 3:14, Eph. 2:3, Col. 1:21) In other words a mind that is still in darkness gives the enemy ground.

2. Fleshly or lustful thoughts/ mind. **Rom. 8:6: For to be carnally minded is death, but to be spiritually minded is life and peace.** A carnal mind thinks fleshly thoughts and plays into the enemy's hands.

3. By allowing lies and misconception to enter our minds we give place to Satan.

4. Through an inactive mind, a passive mind, we open ourselves to the enemy. Be warned against this situation. If a person will not use his intelligence, God will not use it either, but demon powers will. An open blank mind is exactly what they desire plus an inactive will! The characteristic of an evil spirit is that their thoughts will always bombard from outside and enter mainly through the mind. Such thoughts force and drive a person to react immediately or impulsively and then go on to confuse and paralyze his mind so that the person can no longer think clearly.

Satan's Strategy: DECEPTION AND PASSIVITY

The signs of deception (2 Cor. 11:3) can usually be discerned. One amongst others is a fanatical spirit that has been placed there by the enemy. It is full of enthusiasm and super energy but is unreasonable, abrupt and self assured. Then the truth is twisted, for example:

1. **"I have the mind of Christ." (1 Cor. 2:16)** **The Deception:** I must not have any thoughts of my own.

The Deception: I must not have any thoughts of my own.

The Truth: A person does not automatically have the thoughts/ mind of Christ until his thoughts have been renewed by the Word of God, the Bible, and until he is led by the Holy Spirit. God's Word has to dwell richly within a person before he can say "He has the mind of Christ."

2. **"God speaks to me."**

The Deception: I am being led by the Holy Spirit and because of this I d o not need my understanding.

The Truth: God speaks to my

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Your Mind…..)
spirit and my understanding must be in line with my spirit in order that I might understand what God is saying.

Unbalanced truth in relationship to other truths become deceptive. If one truth is overemphasized at the expense of other truths in God's Word, a closed mind results, with the attitude of "I know it all", leads to deception.

The devil loves to mislead us about ourselves and/or God our Heavenly Father. A passive, inactive mind often displays the following symptoms: darting thoughts which come and go, thoughts which dwell on rejection, worry and fear. Thoughts that cause one to make dramatic statements without giving the necessary consideration, eg. "I am much more spiritual than others and I am leaving my job to go and live by faith." There are usually uncontrollable flights of self delusion, dreams, insomnia, forgetfulness, lack of ability to concentrate, communicate and reason.

FATHER GOD'S SOLUTION

2 Cor. 10:3-4: "For though we walk in the flesh, we do not war according to the flesh. For the weapons of our warfare are not carnal but mighty through God to the pulling down of strongholds.

Deception is replaced by the truth the truth make free, and the Truth is described in the Word of God.

1. Put on the whole armour of God. (Eph. 6)

1. Helmet of salvation
2. Girdle of truth
3. Sword of the Spirit.

2. Deception is replaced by the truth: the truth makes us free, and the Truth is the Word of God. Meditate and think continually therefore on the Word of God.

1. Establish the source or root of the suffering and problem.
2. Allow the Word of God to give you understanding.
3. Resist every lie of the devil.
4. Break with every lie and its influence.
5. Allow the truth to saturate every area of your life.

3. Renewing of your mind.

1. Examine the source or root of your thoughts.
2. Bring every thought into obedience to God's Word (2 Cor. 10:15)
3. Turn your thoughts away from fleshly things. (Rom. 8:7)
4. Even a believer has to renew his mind. (Rom. 12:2)
5. Allow repentance to take its full course.

4. Passivity is overcome by activating your mind.

5. Make a decision "My mind belongs to me and I will use it. I will not allow any outside power to influence, use or control my mind."
6. Exercise your mind by taking the lead in situations, do not always wait for others to do so.
7. Exercise your mind by thinking, reasoning, remembering and understanding.
8. Establish what the normal pattern for wellbeing is and strive until you have achieved it.

CHARACTERISTICS OF A FREE MIND

1. Thoughts are under submission to Jesus Christ (2 Cor. 10:6)
2. Thoughts are in agreement with you spirit and the Word of God. (Rom. 8:6)
3. Your mind is free to concentrate, absorb, remember, reason and understand. **To have a mind renewed by the Word of God is therefore to reach the highest potential which God has set for man's understanding.**

THE PURPOSE OF MAN'S SPIRIT

1. The Holy Spirit makes God's will clear to your **spirit** so that you will know what it is.
2. Through **your understanding** you will realise the meaning of that which has been revealed.
3. By exercising **your will** you use your spiritual authority or power. Spirit and mind must thus work together in order to fully understand the Will of God.

FACTS ABOUT THE MIND

1. You will always strive towards that upon which your mind is set.

a) The 'head' can out think the flesh and the spirit of man.

b) To be in agreement with you walk in the spirit your mind must be set on spiritual things.

2. The spirit brings forth life and peace, but the flesh brings fort death.
3. The leading of God always comes by way of the spirit.
4. This leading of God always places us in the position where we can choose.
5. The mind must not be controlled by the emotions. (2 Tim. 1:7)
6. The mind must have a humble attitude. (Act. 20:19)
7. **You** must place the Word of God in your mind. (Heb. 8:10)
8. The mind must not function independently of your spirit and God's Word.

Spiritual growth and the renewing of the mind are definitely related to one another. YOU are therefore responsible for the renewing of your mind. The Word tells us in Ephesians 4:23: ….**and be renewed in the spirit of your mind.** This is a command from God. The renewing comes as you allow the truth of God's Word to saturate every area of your thought life. ☐



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

'n Kort opsommende getuienis van wat God in die lewe van my seun, 'n dwelmslaaf gedoen het. Die eer hiervoor word voor geen mens se deur gelaat nie, maar die eer en aanbidding behoort aan Jesus, die een wat gekom het om vry te maak. Francois (was toe 26 jaar oud) is by die werk bekendgestel aan dwelms en voor hy sy oë kon uitvee was hy 'n verslaafde. Hy is getroud met 3 kinders. Die verslawing het tot gevolg gehad dat hy 7 keer in rehabilitasie was. Twee keer in hospitaal opgeneem vir oordosering, die een keer in ICU gewees vir 3 dae met hartprobleem agv. Te veel dwelms en alkohol. Kenners meen selfs die brein het skade opgedoen. Gevolglik het hy epilepsie gekry, was onbeheerd bewerlg en kon nie vir 'n half minuut stil sit nie. Was later soos 'n spastiese, hulpelose mens wat nie meer sy werk as prokureur kon doen nie. Kon nie man of pa wees nie. Hy was buite beheer, het dag en nag vir dae aanneem kokaïen gesnuif en gedrink, en dan volg depressie in 'n baie erge graad. Na werk het hy nie huis toe gegaan nie, maar sy nagte in kuierplekke in Hillbrow deurgebring, selfoon afgesit en betrokke geraak by alles wat met dwelms gepaard gaan. Hierdie pad van vernietiging het voortgesleep vir 9 jaar. 'n Jaar gelede na dae van onophoudelike gesnuif was hy in 'n ernstige motor ongeluk betrokke. Selfs hier het God hom bewaar en beskerm en het hy met geringe beserings weggestap. Teen die tyd was ons finansieel so leeggetap dat ons begin wonder het hoe lank dit nog so kan aangaan voor iemand gaan knak en ingee. Daar is gepleit, gedreig! Wat ook al 'n mens in jou desperate gemoed kon vind om te doen is gedoen, maar die nagmerrie het voortgeduur.

Om 'n lang storie kort te hou, die gebede en intrede van soveel dierbare kinders van die Here is verhoor. Bo alle verwagtinge het God op SY tyd en SY manier ingegryp en aan ons kind verlossing en vrymaking kom gee.

Nagte en ure van gebed, emmers vol trane en geloof in Christus het 'n deurbraak gebring en my kind is weer mens, vrygemaak deur die bloed van die Lam. God herstel hom geestelike, verlos hom van dwelms, voorsien vir hom werk, verenig hom weer met sy vrou en kinders en ook sy familie. ELKE KEER AS EK HOM SIEN OF SY STEM HOOR WORD EK VERVUL MET 'N SEE VAN DANKBAARHEID EN VREUGDE. WANT DIT IS 'N WONDERWERK DAT HY LEWE. EK WEET GOD LEEF EN CHRISTUS IS 'N WERKLIKHEID.

As dit u deel is, hou God vas en moenie los nie. Hy doen die onmoontlike!!! Dankie vir elkeen se gebede. Jesus seën u almal.

'n Baie dankbare Moeder, Kaap

Baie dankie dat u saam met ons sal bid vir Rika Nel wat in 'n baie ernstige motor ongeluk was. Ons loof die Here vir al die groot wonderwerke wat Hy reeds aan haar gedoen het. Die spesialiste wat haar behandel het, het haar 'n nul kans op lewe gegee, maar die groot Geneesheer het haar lewe in oorvloed gegee. Ons waardeer u bediening en die groot werk wat u vir die Here doen, wees ook verseker van ons liefde en gebede vir u en Meg en u span. Liefde.

Pst. L Brits, Nelspruit

Ek loof oor van dankbaarheid teenoor God wat my volkome genees het van 'n breingewas. Ek is geopereer en die gewas is verwyder, was nie kwaadaardig nie. Aan God al die eer!!

Annette, Shelly Beach

Geagte Dr James,

Wees gegroet in daardie onfeilbare Naam van onse Here Jesus Christus. Ek wil net vir u noem dat ek omtrent 'n maand gelede vir julle gevra om vir ons suster Vanessa te bid. Die Here het wonderbaarlik ingetree en haar volkome genees van kanker. Haar gelaats kleur, bleekheid is totaal weg. Sy is gesond en ons glo dat die Here haar nog volkome gaan genees. Hy doen nie 'n halwe werk nie. Dankie dat julle so saam ingetree het vir gebed. Sy gaan ook vandag terug werk toe. Mag God julle ryklik seën.

Al die EER, LOF, PRYS & AANBIDDING kom die Here van die Leërskare toe, want daar is niemand soos Hy nie. Here ons prys U, Vader ons Aanbid U, Opperwese ons eer U!! Halleluja vir Jesus.

Sheldon Brown, Johannesburg

Ek is in Oktober 2006 gediagnoseer met borskanker, ek het die sentrum geskakel en gevra vir voorbidding. Na die operasie sê my dokter dit het nie versprei nie, en so gaan ek elke 6 maande vir toetse en is nog skoon. Januarie 2008 het ek gegaan vir bloedtoetse en 'n verhoogte lewer telling gehad, ek het weer die sentrum gebel en met Dionne gepraat en ek het haar belowe ek gaan 'n brief skryf. Ek is gestuur vir 'n sonar en alle dank aan onse Jesus daar was geen probleem met die lewer, niere en die milt nie.

Ek het ook verlede jaar gevra vir Louise vir 'n beter werk en weereens het Jesus gesorg, sy het einde Maart by 'n nuwe plek begin werk met beter werksomstandighede en beter salaris, en sy is baie gelukkig in haar nuwe werk. Ek wil net dankie sê vir u gebede so getrou, en dankie vir Jesus vir wonderwerke.

Mev S J van Huysteen, Pretoria

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Bly Staan)
asseblief na my kind en probeer om haar aan die lewe te hou totdat ek terugkom. Ek gaan na Jesus van Nasaret soek en ek weet dat Hy haar sal genees."

Toe Jaïrus vir Jesus gekry het, het hy aan die Here se voete neergeval....Dit is so wonderlik om die gerusstelling te hê, dat in sekere tye wanneer niemand anders kan help nie en dit wil voorkom asof daar geen oplossing vir ons probleme is nie, ons voor Jesus se voete kan neerval. Ons kan altyd staatmaak op ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Ons moet Hom egter naarstigtelik soek en ons oë ferm gevestig hou op Sy vermoë totdat die geveg gewen is. Want die geveg is die Here s'n. Ons moet nooit skaam wees om ander van ons afhanklikheid aan die Here te vertel nie. Jaïrus was 'n baie belangrike godsdienstige leier in die sinagoge en so ook Nikodemus (Lees Joh.3). Nikodemus het in die nag na Jesus gegaan, om te verhoed dat sy mede- rabbi's en sy eie mense sou sien dat hy met Jesus praat. Ek wonder dikwels of Nikodemus gehoorsaam was aan Jesus se bevel nl. dat iemand wedergebore moet word.

Ons lees in Mark. 5 dat Jaïrus egter glad nie omgegee het wie hom gesien het toe hy voor Jesus se voete neergeval het nie. Hy was desperaat en het die sekerheid gehad dat die Here hom kon help en hy het dit openlik gewys deur sy nederige afhanklikheid van Jesus. Die wonderwerk wat gebeur het toe sy dogter uit die dood opgewek is was 'n direkte gevolg van sy onwankelbare geloof in Jesus. Hierdie wonderwerk het mense regdeur die eeue hoop en aanmoediging gegee. Jaïrus het openlik sy geloof in goddelike genesing bely, hy het Jesus ernstig gesmeek: "My dogtertjie lê op sterwe. Kom lê U hande op haar sodat sy gesond kan word en sy sal lewe." Jaïrus het geweet dat wanneer Jesus hande op sy dogter lê, GESONDHEID en LEWE sou volg. Jaïrus het in sy hart geglo en met sy mond bely en het ontvang waarvoor hy vertrou het (Mark. 11:23).

Sy geloof het werklik die hart van Jesus geseën, wie ingestem het om na sy huis te gaan en hande op sy dogter te lê. Jesus se woorde in Joh.10:10 was: "Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê."

Onthou altyd as jy in 'n desperate situasie kom, soos Jaïrus, en jy handel in ooreenstemming met God se Woord, dit is IN GELOOF (wat eenvoudig is om God met jou hele hart te VERTROU), jy ook van 'n wonderwerk verseker kan wees. Baie mense begin deur ywerig God se Woord te glo, soos Jaïrus gedoen het, maar soos die situasie of siekte vererger of die geveg moeiliker raak, raak meeste mense moeg en gee moed op voordat hulle oorwinning in die Here het. Hulle was oppad om 'n wonderwerk van die Here te ontvang, maar het opgegee voor die manifestasie van God se krag plaasgevind het. Baie was op die punt om oorwinning te verkry – Jesus het die pad saam met hulle gestap soos Hy met Jaïrus gedoen het.... Kind van God, moet nooit moed verloor nie!!

Jesus het gesê dat Hy ons nooit sal begewe en nooit sal verlaat nie (Heb.13:5). Waarom dan twyfel dat Hy met jou deur enige moeilikheid is as jy na Hom roep.

Moenie dink dat daar nie hindernisse op Jaïrus se pad was nie, maar uiteindelike oorwinning! Soos Jesus en Jaïrus na die huis geloop het waar die siek sterwende kind gelê het, het 'n vroutjie wat vir twaalf jaar aan bloedvloeiing gely het deur die skare gedruk om by Jesus te kom. Jaïrus moes geloof (vertroue) en geduld beoefen terwyl Jesus 'n rukkie by die vroutjie vertoef het om met haar behoefte te deel. Stel jou voor hoe Jaïrus gevoel het terwyl die tyd verby gaan, met sy kind op die randjie van die dood. Al wat hy kon doen was om SY Oë OP JESUS TE HOU. Dikwels wanneer ons 'n wonderwerk brood nodig in ons lewens het, raak ons so selfgesentreerd dat ons net oor ons eie probleme kan dink en praat. Wanneer ander 'n wonderwerk van die Here ontvang, mag ons teleurgesteld wees en wonder waarom niks in ons situasie gebeur nie. Woorde van teleurstelling soos: "waarom word ander genees en nie ek nie?" kan aan Satan die geleentheid gee om jou van 'n wonderwerk te beroof, voordat dit kon plaasvind. Pasop dat Satan nie selfsugtige bitterheid in jou hart plaas, om te voorkom dat jy van God ontvang nie. Satan sal dikwels negatiewe, sondige gedagtes veroorsaak (die denke is die slagveld). Ons sal dinge sê soos: "God het my nie lief nie omdat Hy my nie genees het nie", of "Dit is te moeilik om 'n Christen te wees, ek gaan die handdoek in gooi ".

As jy op 'n aanraking van die Here wag moet nooit ooit sulke gedagtes toelaat of woorde om jou te beheer nie, want dit is dwaas en nie in lyn met God se Woord nie.

Om met die storie van Jaïrus aan te gaan. Hy was skielik gekonfronteer met die mees hart verskeurende nuus dat sy dogter gesterf het!

Onthou egter wat Jesus geantwoord het!

MOENIE VREES NIE, GLO NET.

Jesus het hom bemoedig om nie op te hou glo nie, selfs in 'n situasie wat hopeloos gelyk het!!! Bly vertrou. Dit is van toepassing op ons lewens as gelowiges. Gaan ons Satan se leuens glo, of gaan ons op die Woord van God staan? Jaïrus het Jesus se woorde ontvang en dit geglo en nie opgegee nie. Selfs vandag word ons beveel dat geloof deur die gehoor kom en die gehoor deur die woord van God (Rom.10:17). Daarom kind van God, MEDITEER OP GOD SE WOORD, VUL JOU HART MET GOD SE BELOFTES. Want die Woord van God is LEWE aan almal wat gehoorsaam is en sal glo. Toe Jesus die kamer van Jaïrus se dogtertjie binnegegaan het, was Hy vergesel deur slegs ware gelowiges (Petrus, Jakobus, Johannes en Jaïrus). Hy het seker gemaak dat geen negatiewe, nuuskierige bystanders naby was, vers 40 vertel ons dat Hy die ander beveel het om weg te gaan. Geen spotters of skeptici was op daardie oomblik welkom nie!

Dit is belangrik om net Goddelike advies en raad te soek by mense wat weet, glo en God se Woord spreek. Jy sal die simpatieke kry wat sê: "Aanvaar dit net, dit is God se Wil." Selfs predikers sê dikwels:" God toets en reinig jou deur hierdie siekte." Dit is verseker 'n manier van Satan om jou geloof aan te val, voordat ons 'n wonderwerk van die Here ervaar.

(Vervolg op Bl. 8)

"Jesus het gesê dat Hy ons nooit sal begewe en nooit sal verlaat nie (Heb.13:5).

Waarom dan twyfel dat Hy met jou deur enige moeilikheid is as jy na Hom roep."

uit **Dr James** se kantoor

Dierbare Familie in Jesus,

Wanneer ons, ons hart aan Jesus gee en wedergebore word, word ons 'n nuwe skepsel volgens **2 Kor. 5:17: Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.** Nou het ons het kinders van God geword, wedergebore deur Sy Gees met 'n splinter nuwe lewe, 'n nuwe manier van lewe, 'n nuwe manier om dinge waar te neem, 'n nuwe manier van dink en 'n nuwe manier om met dinge te deel. God verseker ons dat Sy weë nie ons weë is nie, inderdaad sê Hy vir ons dat Sy weë baie hoër as ons weë is daarom moet ons leer om volgens 'n ander stel reëls te leef, Sy Goddelike reëls wat vir die wêreld en die ongeredde wat nie geestelike kennis en bewustheid daarvan het nie, na dwaasheid lyk. In die Geestelike ryk (wat regtig meer werklik is as die fisiese ryk en is Ewig, terwyl die fisiese wêreld eendag sal verby gaan), geld geestelike wette en wanneer ons aan die wette gehoorsaam is, sien ons God se Hand op 'n wonderbaarlike manier vir ons beweeg. Ek sal aan julle 'n paar voorbeelde gee om die punt te illustreer. As iemand jou skielik klap, sal die wêreld se reaksie wees om **hom dadelik terug te klap.** God se Woord sê egter vir ons om **die ander wang te draai.** As jy vind dat jy behoeftes het en nie weet wat om te doen nie, sou die wêreld se manier wees om op elke ding wat jy het, **te besuinig en te spaar,** terwyl God se Woord sê dat **as ons gee,** dit aan ons gegee sal word, Hy sal voorsien. Die wêreld sê **wanneer jy sien** kan jy glo, terwyl God se Woord vir ons sê dat **wanneer ons eers glo** dan sal ons sien. Daar is baie meer voorbeelde in die Bybel wat voorkom asof dit die manier waarop ons eers gedink het en die manier hoe ons dinge gehanteer het toe ons ongered en nog volgens die wêreld se maniere opgetree het, weerspreek; en dit neem tyd vir ons om te besef dat ons denkwyse moet verander sodat dit in lyn met God se manier van dink kan kom. Die Bybel vermaan ons in **Rom. 12:2: En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.** Wat hierdie vers van die Bybel sê is dat ons denke vernuwe moet word sodat dit verander kan word, sodat ons God se weë kan ken; ons sal weet wat goed is, en aanvaarbaar vir God se volmaakte wil. Wanneer ons denke verander is na God se weë en Sy denke, sal ons nie langer met die wêreld se weë en denke ooreenkom nie wat ydel is, sê God. God se weë bring lewe, die wêreld se weë, alhoewel hulle logies mag klink, bring die dood. Hierdie waarheid lees ons in **Spr. 14:12: Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.** En dit word weer herhaal in Spr.16:25.

Die vernuwing van ons denke, sodat ons gedagtes in lyn met God se Woord kom, is noodsaaklik as ons in die Gees wil wandel en oorwinnende lewens wil leef terwyl ons nog op Aarde is, en veral in hierdie moeilike tye. Ons doen nie vir God enige guns deur 'n kwaliteit besluit te neem om ons denkpatroon te verander om in lyn met Syne te kom nie, ons bewys onsself die guns! Indien ons **denke** nie verander nie, sal ons **gedrag** nie verander nie en dit is die kern van die hele saak. Om God se beste in ons lewens te geniet, en om te sien hoe Sy beloftes 'n werklikheid word, is dit noodsaaklik dat ons beheer oor ons gedagtes neem om dit in lyn te bring met die Woord van God. Ek suggereer nie dat dit 'n maklike oefening is nie, ook nie dat ons dit oornag sal bemeester nie, maar wat ek hoop en bid is dat elkeen van ons 'n ooreenstemmende poging sal maak om bewus te wees van wat ons dink en dan daardie gedagtes te ondersoek om te sien of hulle in ooreenstemming is of nie, met God se Woord. Dit moet dan 'n lewenswyse vir ons word. Onthou dat jou denke die slagveld van Satan is; dit is in jou gedagtes dat hy sy leuens en bose voorstellings plant, sy versoekings, vrese en ongeloof. Dit is hy wat daardie vrees veroorsaak, want ons lees in God se Woord in **2 Tim 1:7 dat God ons nie 'n gees van vrees gegee het nie, maar van krag en liefde en van selfbehersing**. Sy doel is om jou geloof af te breek en te kry dat jy aan God se Woord twyfel.

Satan weet dat as hy jou kan kry om sy leuens te glo, hy die oorhand in jou situasie het. Hy begin by jou gedagtes. Beskerm jou denke deur jou gedagtes te beskerm! Dit word gedoen deur elke gedagte wat in jou denke kom wat teenoor God se wil, weë en ewige beloftes staan, te vervang met die WAARHEID van Sy Woord! **2Co 10:3-5 Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.**Ek en jy moet die Land van ons Denke terugkoop! Jy is in beheer daarvan en niemand kan jou verplig om dinge te dink wat in teenstelling met God se wil is nie, die keuse is joune om gedagtes te hê wat lewe bring, na jou en almal rondom jou en eer aan jou Hemelse Vader.

Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is--watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit Fil. 4: 8

Geloof kom uit die gehoor van die Woord van God en God sê dat ons Sy Woord altyd voor ons oe moet hou. Ons moet Sy Woord studeer en leer ken, sodat ons weet wat daarin staan; dit gebeur nie automaties nie. Dan sal ons denke en ons aksies God behaag, en ons sal oorwinnende lewens lei.

Onthou die woorde van **Spr. 23:7: Want soos hy in sy siel bereken, so is hy:** omdat jou gedagtes altyd jou handelinge voorafgaan, en jou handelinge bepaal jou lewe, laat ons dus met ons gedagtes begin.

Ons gedagtes aangaande julle is van dankbaarheid aan die Here vir julle aanhoudende gebede, aanmoediging en ondersteuning op elke gebied; dit is gedagtes van liefde en waardering vir jul ondersteuning om ons te help om die Goeie Nuus van die Evangelie van ons Here Jesus Christus na 'n behoeftige wêreld te bring; en dit is gedagtes vergesel van ons ernstige gebede dat die Here julle sal seën en bewaar en dat Sy aangesig oor julle sal skyn en aan julle Sy vrede, blydskap en genesing sal gee vir altyd.

Baie liefde groete

Dr James.

Lees ons boekies Charismatiese Towery M69 / Charismatic witchcraft M50.

(Vervolg vanaf Bl 6 - Bly Staan….)

Jesus het die spottery van die roubeklaers gesien, daar was groot verwarring en gehuil by Jaïrus se huis. Die mense het vir Jesus en Jaïrus gelag en Jesus het hulle beveel om weg te gaan.

Baie keer as Christene ondervind ons dieselfde spottery van familie en geliefdes wanneer ons Jesus die Here van ons lewens maak en kies om deur geloof in God se Woord te leef en nie volgens die mens se wysheid en redenasie nie.

Mark. 5:41: **Toe gryp Jesus die hand van die kind en sê vir haar: Talíta, koemi! wat, as dit vertaal word, beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op! 5:42 En die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop, want sy was twaalf jaar oud. En hulle was uitermate verbaas. 5:43 En Jesus het hulle met nadruk beveel dat niemand dit moes weet nie, en gesê dat daar vir haar iets te ete gegee moes word.** Jaïrus het daardie dag 'n wonderlike wonderwerk ondervind omdat hy gekies het om sy oë op Jesus (die Skepper en Voleinder van ons geloof) te hou en niks en niemand sou hom laat twyfel nie.

Ek wil graag elkeen van julle in die nuusbrief bemoedig om positief te wees en te weet dat JESUS OP HIERDIE OOMBLIK BY JOU IS WANNEER JY ENIGE SITUASIE IN DIE GESIG MOET STAAR. JESUS SAL JOU NOOIT BEGEWE OF VERLAAT NIE. Maak nie saak hoeveel teenstand jy kry nie, niks is vir die Here te moeilik nie. Begin om Jesus te loof en dank vir Sy getrouheid en ewigdurende teenwoordigheid. God belowe dat Hy 'n wonderwerk in jou lewe SAL verrig, as jy Hom vertrou en gehoorsaam. As ons na Ef. 6:14 blaai sê die Here vir ons: **Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan.** Gal. 6:9: **En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.** Onthou God verwag van ons om te volhard en deur te druk, of dit 10 min., 10 weke of 10 jaar neem terwyl ons God vertrou vir 'n oorwinning in enige situasie. Sy Woord sal ALTYD VAS BLY STAAN. Op hierdie punt in jou lewe sal jy Jesus se oorwinning ervaar teen enige aanvalle van Satan, as jy volgens die Woord en maniere van God veg.

> **"Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan.** Gal. 6:9: **En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."**

Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het (I Tim. 6:12). □